HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

12 April 2024

OMSENDBRIEF 12/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Skool-inskrywings 2025:** Aansoeke vir graad 1 en graad 8 vir 2025 sluit vandag **Vrydag 14 April om 13:00**. Inskrywings sal nog steeds ingevorder word volgende week, maar aansoeke wat betyds ingehandig is, kry voorkeur.

   ‘n Aansoekvorm en die nodige dokumente kan by die skool se kantoor afgehaal en ingehandig word. Die dokumente kan ook afgelaai word by https://hsbonnievale.co.za/aansoeke-2025 . Ouers moet op TWEE plekke aansoek doen:

   1) ‘n Fisiese aansoekvorm by die skool se kantoor inhandig
   2) ‘n Aanlyn aansoek by wcedonline.westerncape.gov.za

   Ons help graag ouers wat sukkel met internettoegang of met die aanlyn aansoek. U kan die skool se kantoor besoek as u hulp nodig het. Geen aansoeke wat onvolledig is of nie op wcedonline.westerncape.gov.za verskyn sal oorweeg word nie.

2. **Oueraande:** Ouers het op die volgende datums geleentheid om met hul kinders se onderwysers te ontmoet. Veral ouers van leerders wat nie goeie punte in kwartaal 1 behaal het nie moet asseblief ‘n punt maak daarvan om by die ouerkontaksessies uit te kom.

   - Gr. 1 tot 3: Maandag 29 April 17:00
   - Gr. 4: Maandag 29 April 17:00 (gr. 4-ouers kom 17:00 in laerskoolbiblioteek bymekaar)
   - Gr. 5 tot 7: Maandag 29 April 17:00 tot 19:00 (gr. 5 tot 7-ouers besoek onderwysers individueel)
   - Gr. 8 tot 12: Maandag 2 Mei 16:00 tot 18:00.

   Community Keepers, ‘n organisasie wat voltyds by die skool is om leerders met emosionele uitdagings en karakterontwikkeling by te staan, sal ook by bogenoemde oueraande ‘n inligtingstasie beskikbaar hê.

3. **Netbal:** Die volgende leerders is opgeneem in die Langeberg-netbalspan en neem deel aan die Kaapse Wynland-Noord-proewe volgende Woensdag, 17 April. Baie geluk en sterkte met die volgende rondte proewe!
   - O.14: **Loumari Barnardt, Janien de Wet, Keeren Vollenhoven,**
   - O.15: **Beaney Stuurman, Giniel Michaels, Dené Siegelaar, Jo-Mari van Rhyn**
   - O.16: **Audrey Davids**
   - O.18: **Angel Williams, Robin Prins, Meshay Willemse, Byoleeh Matthys, Nekisha Marthinus**

4. **Netbal:** Die volgende leerders is opgeneem in die Wynland-Noordspan. Ons is baie trots op hierdie meisies. Dit is die meeste leerders van hierdie ouderdomsgroepe wat na die Wynlandproewe toe gaan in ‘n lang tyd. Baie geluk, **Mixanté Beyers, Denjoloque Pawuli, Shermonique Claasen, Anica Gerber** en **Ené Kriel**!

5. **Spelkompetisie:** 'n Groep graad 8 en 9-leerders het aan die ATKV DigiSpel-kompetisie in die kategorie Afrikaans Huistaal deelgeneem. Die deelnemers en het hulself goed gekwyt van hul taak en goeie prestasies behaal: **Tylor Anderson, Charnee Augustus, Sune April, Xivah Lekay, Nicole Simonse, Shirnique Lategan, Angeonique Andries (86%), Chelsea Vincent (82%), Inathi Mabuthile (88%), Janien de Wet (82%), Lindzay Jacobs (84%), Dené Siegelaar (82%), Melzané September (92%), Raché Swartz (80%), Ricalin Adams (90%).** Dit is lekker om met hierdie entoesiastiese en intelligente Bonnies te kan spog!

6. **Laser Run**: **Lisa van Zyl** het die naweek aan die SA Laser Run Kampioenskappe in Somerset-Wes deelgeneem. Sy het 'n 15de plek behaal. Welgedaan, Lisa!

7. **Noodhulp:** Noodhulpopleiding vind op 18, 19 en 22 April plaas. 18 leerders sal opleiding tot vlak 2 ontvang by NFAA (National First Aid Academy). Gedurende die kwartaal sal 'n aantal onderwysers ook noodhulpopleiding ondergaan.

8. **Mej. Tiener:** Baie geluk aan **Mareli Jordaan** (gr. 11) wat as een van *Huisgenoot* se Mej. Tiener Top 10 finaliste aangewys is. Gaan stem gerus vir haar by: https://www.netwerk24.com/huisgenoot/hg-junior/mej-tiener-2024-stem-hier-vir-jou-top-10-20240404 of hier:

9. **Wintersdrag:** Vanaf **Maandag 6 Mei** moet alle leerders in volle wintersdag geklee wees. Leerders is welkom om nou reeds wintersdrag te dra as hulle koud kry, maar somersdrag sal ook nog toegelaat word tot voor 6 Mei. Besoek gerus https://hsbonnievale.co.za/kleredrag vir die skool se volledige kleredragreëls, asook vir voorbeeldfoto's van hoe korrekte kleredrag lyk. Die Skoolkas, die skool se amptelike skoolklereverskaffer te Mullerstraat 1, se besigheidsure is: Dinsdae, Woensdae en Donderdae van 12:00 tot 15:00 en die laaste Saterdag van elke maand 09:00 tot 12:00.

10. **MySchool**: Ouers en Bonnievalers, u kan geld vir die skool skenk sonder dat dit u 'n sent kos. Registreer vir 'n MySchool-kaart by enige Woolworths en Builders-tak of by www.myschool.co.za en kies "Hoërskool Bonnievale" as begunstigde. Vir enige aankope wat u by Woolworths, Builders, Engen en loot.co.za maak, kry die skool 'n persentasie van die bedrag.

11. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

12. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Vr. 12 Apr.	Swemafrigtingskursus (HSB Klubhuis) Aansoeke vir gr. 1 en gr. 8 vir 2025 sluit Uitstappie: Graad 9
Di. 16 Apr.	TMT Geestelike groep bied Praise and Worship-aand in skoolsaal aan
Do. 18 Apr.	Laerskoolsport vs. VRT Pitt (tuis) Skoolhoofdevergadering Kring 2 Noodhulpopleiding
Vr. 19 Apr.	Noodhulpopleiding
Sa. 20 Apr.	Hoërskoolsport vs. HS De Villiers (weg) SBL-opleiding: Skoolhoof en twee personeellede
Ma. 22 Apr.	SBL Benoemingskomitee vergader 18:00 Mnr. Albert van Zyl verjaar Noodhulpopleiding
Di. 23 Apr.	Departement Gesondheid en WKOD opleidingsessie in skoolsaal
Wo. 24 Apr.	Skaak vs. Hoërskool Montagu (tuis) Mnr. Rian Boshoff verjaar

Do. 25 Apr.	Laerskoolsport vs. Bontebok Primêr (weg) VRL Herfsbal
Sa. 27 Apr.	Vryheidsdag Hoërskoolsport vs. Montana (weg)
Ma. 29 Apr.	Oueraand Gr. 1 tot 3: 17:00 tot 18:00 Oueraand Gr. 4: 17:00 (gr. 4-ouers kom 17:00 in laerskoolbiblioteek bymekaar) Oueraand Gr. 5 tot 7: 17:00 tot 19:00 (gr. 5 tot 7-ouers besoek onderwysers individueel) Mnr. Jan du Toit verjaar
Di. 30 Apr.	Hoërskole Wynlande-netbalproewe (Wellington)
Wo. 1 Mei	Werkersdag (Skool gesluit)
Do. 2 Mei	Oueraand Gr. 8 tot 12: 16:00 tot 18:00
Sa. 4 Mei	Laerskool Montagu Sportdag Hoërskoolsport vs. Labori (weg)

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

“Wanneer jy dans, voel die ritme van God. As jy in die natuur is, sien die kleure van God. As jy hartseer is, kyk na binne, want dit is waar jy God sal vind. In jou stil oomblikke, luister mooi, want dit is waar God fluister. Elke keer wat liefde in en deur jou spoel, daar is God. As jy kinders hoor lag of jou beminde in jou arms vat, voel hoe God jou omarm en jou noem, ‘My geliefde kind, in wie ek 'n welbehae het!’”

- Terblanche Jordaan (Geestelike leier van Neo-Spektrum)